HOOFSTUK 1

INLEIDING, DOELSTELLINGS EN HIPOTESES

1.1 Inleiding

Die snelle ekonomiese en industriële ontwikkeling van die afgelope dekades het 'n algemene tekort aan opgeleide mannekrag laat ontstaan. Die Suid-Afrikaanse universiteite is gevolglik onder groot druk om die land van opgeleide mannekrag te voorsien. Die ontwikkelingspatrone en graduerings=tendense van die volgende paar jaar gaan dus bepaal word deur die behoeftes van die gemeenskap. Steyn, Venter en Louw (1983:21) stel dit ook dat dit algemeen aanvaar word dat dit die "eerste hoofdoelwit van die universiteit is om dié hoëvlak=arbeidkragte op te lei waaraan die samelewing 'n behoefte het". Verder word dit ook al hoe meer van die universiteite verwag om opleiding te verskaf in die nuutontwikkelde beroepsvelde wat ontstaan het as gevolg van die fenomenale tegnologiese ontwikkeling.

Onrusbarend egter is die feit dat dit wil voorkom of die ernstige tekort aan opgeleide mannekrag nie besig is om te verminder nie. Die Riekertkommissie (1978) het steeds ernstige tekorte aan mannekrag op verskeie vlakke blootgelê. Dit wil trouens voorkom of die behoefte aan opgeleide mannekrag al hoe groter word, terwyl daar 'n afname is in die persentasie gematrikuleerdes wat hulself aanmeld vir universiteitstudie (Steyn et al.,1983).
In die vooruitskatting van die toekomstige Blanke studentegetalle blyk dit dat dié getalle nie voldoende sal wees om aan die hui=dige en toekomstige behoeftes van hoëvlakmannekrag te voldoen nie

Uit resultate wat deur die Adviserende Raad op Universiteite vrygestel is, (soos aangehaal deur Steyn et al.,1983) is dit duidelik dat daar in die jaar 2010 ongeveer 3,4 miljoen persone met standerd 10- of hoër kwalifikasies sal wees, maar dat daar vir 5,6 miljoen persone met dieselfde kwali= fikasies werk beskikbaar sal wees.

Daarom dan ook dat die ontwikkeling van talent nie net 'n idealistiese doelwit behoort te wees nie, maar 'n ekonomiese noodsaaklikheid.

Gesien in die lig van hierdie getalle is dit duidelik dat die universiteite 'n baie belangrike rol en taak in die gemeen= skap vervul. Uit die Hoofverslag van die Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese word dit soos volg gestel :

> "Dit word toenemend geaksentueer dat die universiteit as 'n publieke instelling in en van die maatskappy, deur daar= die maatskappy kultureel en materieel in stand gehou word. Daar word geredeneer dat die eskalerende finansiële las wat die universiteit op die staat plaas, meebring dat hierdie instelling ook toenemend sy outonomie binne die maatskap= like struktuur funksioneel moet verantwoord". (1974:121)

Hieruit blyk dit dus dat die gemeenskap verantwoording van die universiteite eis,daarom dat die universiteit 'n produk moet lewer wat diensbaar aan die gemeenskap is. Ook die destydse minister van Onderwys, Sy Edele P.G.J. Koornhof (1977) het by 'n konferensie oor die rol van universiteite in Suider-Afrika

gewys op die belangrike rol wat die universiteite speel in toekomstige ontwikkeling en ook ten opsigte van die daarstelling van oplossings vir probleme op nasionale vlak. Hy het ook bepleit dat alles moontlik gedoen moet word om die kwaliteit en getalle van gegradueerdes en nagraadse studente te behou.

Dit is dan veral ten opsigte van laasgenoemde aspek, naamlik die handhawing van die getal gegradueerdes, waaroor universiteite in toenemende mate behoort te besin.

In die lig van die feit dat beide die gemeenskap en die Regering so 'n hoë premie plaas op die universiteite vir die bevrediging van behoeftes op feitlik elke vlak, is dit noodsaaklik dat elke universiteit optimaal funksioneer. Optimale funksionering impliseer onder andere dat daar 'n redelike balans moet wees tussen die getal studente wat inskryf vir 'n bepaalde graad en die getal studente wat uiteindelik gradueer.

Wanneer dus gekyk word na die uitsakkerpersentasie by Suid-Afrikaanse universiteite, is dit duidelik dat die universiteite se optimale funksionering onder andere gestrem word deur 'n aantal studente wat jaarliks uitsak. Hierdie uitsakkers strem nie net die universiteite nie, maar ook die gemeenskap deurdat daar finansiële verkwisting plaasvind en dat daar in 'n mindere mate voorsien kan word aan die gemeenskap se behoeftes.

Daarom dan dat dit noodsaaklik is dat navorsing gedoen moet word oor die probleem van uitsakking, dat redes daarvoor gevind moet word, dat deurlopende tendense daargestel moet word en laastens

dat oplossings aan die hand gedoen moet word ten einde die probleem te verminder.

1.2 Doelstellings

Dié ondersoeker stel die volgende doelwitte met betrekking tot die studie :

a) om te bepaal watter faktore - soos in die literatuur beskryf - 'n belangrike rol speel met betrekking tot uitsakking;

b) om enkele redes vir uitsakking soos dit by die PU vir CHO manifesteer, vas te stel;

c) om te bepaal of daar enige beduidende verskille bestaan met betrekking tot die aanleg, belangstelling en persoon= likheidsfunksionering van die uitsakker teenoor die suksesvolle student;

d) om te bepaal in hoe 'n mate bepaalde meetmiddels onderskei tussen die suksesvolle student en die uitsakker, en

e) om te bepaal of daar enige beduidende verskille bestaan tussen dié eerstejaarstudente wat in die jaarkursus uit= gesak het teenoor dié wat in die semesterkursus uitgesak het.

1.3 Hipoteses

a) Daar bestaan geen beduidende verskil tussen die aanleg van die suksesvolle eerstejaarstudent en die uitsakker nie.

b) Daar bestaan geen beduidende verskil tussen die belang= stellings' van die suksesvolle eerstejaarstudent en die uitsakker nie.

c) Daar bestaan geen beduidende verskil in die persoonlik= heidsfunksionering van die suksesvolle eerstejaarstudent en die uitsakker nie.

d) Daar bestaan geen psigologies-sinvolle verskil in die aanleg, belangstelling en persoonlikheidsfunksionering van die uitsakker in die jaarkursusstelsel teenoor die uitsakker in die semesterstelsel nie.

Bogenoemde hipoteses sal dus in dié navorsing getoets word.